Rietvallei

Kampnuus

# Hartbeeshoek

**21 tot 23 Februarie 2025 – Streeksaamtrek**



*Njala sê: Welkom by Hartbeeshoek!*

Sondag (16 Februarie) so van 10 uur af het ons so een na die ander een by Hartbeeshoek gearriveer. Eerste was Bertus en Thinus en later het Sieg en Oom Daan ook gearriveer. Vinnig het ons opgeslaan sodat die groot kuier kan begin.

Ons was so geseënd om Johan en Geerie Strijbis van Holland te ontmoet. Hulle toer tans met 'n Camper na Namibia en het baie lekker by ons klomp ingeskakel.



*Geerie en Johan Strijbis*



*Annatjie, Tersia en Dalena*
*bak pannekoek*

Om 9 uur Sondagaand het die eerste druppels geval.

Maandag het dit die heel dag gereën.

Later die dag het ons heerlik pannekoek genuttig.

Dinsdag het ons deeg gaan koop en almal  het saam "curry bunnies" geniet.



*Curry Bunnies de la Valée de Roseaux*



*Hier is ons gereed om die "Curry Bunnies" te probeer*
*Tinus en Tersia Fourie, Geerie Strijbis, Bertus en Dalena Marx,*
*Sieg en Annatjie Maritz en Daan en Elize van der Berg.*

Later Dinsdsagaand en dwarsdeur die nag het dit gestort reën.

Woensdagoggend het die groot skoonmaak begin om al die modder op te ruim en weglei watervore te grawe.

Alhoewel dit eintlik Bertus se verjaarsdag was, het dit so gereën dat ons die saamkuier moes uitstel na Donderdagoggend.



*Thinus Fourie oortuig die reënwater om liefs verby te hou*



*Kyk die water!*

*Johan en Geerie se ryhuis was 'n eiland amper-in-die-dam.*

*Hiér sou niemand 'n braaivleisvuur aan die gang kry nie!*

Donderdag terwyl dit nog sag reën, het ons heerlik almal saam Bertus se verjaarsdag gevier.
Gelukkig het die son laat middag sy kop uitgesteek en vinnig het die tente droog geword. Ons kon darem die aand 'n heerlike vleisie braai sonder reën.



Vrydagoggend het die son sy verskyning gemaak.

Tjaart kon darem in die son sy karavaan staan maak.
Later die middag het Hannes en Pieter -hulle by ons aangesluit.
Vrydagaaand het ons almal saam heerlike hoenderburgers met 'n "Twist" geniet sowel as 'n roomys vir nagereg.

Saterdagoggend het ons almal bietjie ingelê en toe het ons saam speletjies gespeel.

Later het ons afgesluit met “Bingo” wat Hannes vir ons aangebied het.
Daar was pryse ook betrokke.

Die middag het ons waatlemoen geniet, asook granate uit Hannes-hulle se tuin.



*Thinus, Elize, Tersia en Daan*




*Pieter, Elmarie, Dalena en Bertus*



*Bingo onder leiding van Hannes Coetser*



*Waatlemoenbreek*



Saterdagaand het ons weer heerlik saamgekuier rondom ‘n braaivuur, waarna Thinus ons vermaak het met sang en kitaar speel.   Ons het almal lekker saam gesing.

Sondagoggend het ons lekker saam geluister na ‘n preek deur Dr. Christo van der Merwe van die Hervormde Kerk Kemptonpark-Oos.

Daarna het Tjaart en Bertus elkeen ‘n sjokolade ontvang vir hulle verjaarsdae. Sondag die 23ste was dit Bertus en Dalena se 45ste huweliksherdenking.

Daarna het ons almal saam ’n nagereg geniet en begin oppak om huis toe te gaan.

Hannes en Marianne het agter gebly vir nog ’n week se rus.

Wat ’n heerlike saam kuier naweek (en week!) het ons as vriende geniet.

Baie dankie.

*Dalena Marx*



*Kampkoördineerders: Bertus en Dalena*



*Tjaart het tuis verjaar*



*Bertus verjaar in die reën*



*Die Marx’e vier 45 jaar*

## Volgende saamtrek:

21 tot 23 Maart 2025

By “Jy-sou-graag-wou-weet-Wes”

Naweekkoste: R850 per staanplek

Chalets:

- R800 per nag vir 4 persone
- Inligting by Pieter Viljoen

Weeknagte:

- Slegs van Sondag 23 Maart 2025
- R400 per staanplek per nag
- Besprekings by Pieter Viljoen.

Sien e-pos later vir meer inligting.



*Laat ek loop…*

*Sien julle by die spookkamp!*






Skakel **Dalena Marx** vir **Bioway goggagif** **en** **30 mikron swartsakke** by **082-415-0976**

**Bioway:** 1l, 2l en 5l

**Swartsakke:** 50 of 100 sakke

**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l